

10 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-14
Fokusgedeelte: NGB, Art 23

Christus ons geregtigheid – Bevry van vrees

Ook gelowiges kan met die lewe ontnugter raak. Moses, Elia, Asaf, Job en Dawid is maar net 'n paar voorbeelde. Ook Timoteus, predikant in Efese, is dit nie gespaar nie. Hy het met teenstand, dwaalleer en binnegevegte te doen gekry. Boonop was hy jonk en nie altyd te gesond nie. Die eise van die bediening en die wete dat dit dalk eendag (soos by Paulus) op boeie kan uitloop het Timoteus se roepingsbesef laat wankel.

Paulus wys hoe belangrik dit is om, as jy ontnugter raak, nie jou besluite deur jou gebreke, jou mislukkings of jou omstandighede te laat beïnvloed nie. Spits eerder jou aandag toe op wat God jou gegee het:

Hy het jou GELOOF gegee (vers 5) – die vaste wete dat Christus jou sondeskuld betaal het, dat Hy jou geregtigheid voor God is.

Vir elke gelowige het God ook GENADEGAWES gegee (vers 6) – talente waarmee jy Hom kan dien.

God het ook sy HEILIGE GEES gegee om jou vol krag, liefde en selfbeheersing te maak (vers 7).

Ja, Christenskap bring lyding. Vir elkeen is daar 'n deel ontberings vir die evangelie afgemeet (vers 8), maar dit is lyding sonder vrees. Christus het immers klaar die oorwinning behaal, selfs oor die dood (vers 10). Hy wat jou roep (vers 9), gee jou sý krag om die ontberings te kan dra. Hy is magtig om dit wat Hy aan jou toevertrou het vandag in stand te hou, ook elke dag, tot op die dag dat Hy weer kom (vers 12). Daarom: VREES NIE!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)